# Die Reisiger

Oskar blaai deur die NeuroNet terwyl die N1 na Polokwane verby flits. “Dis gevaarlik, hierdie karretjie is te diep in die rooi,” kla Oskar2 in sy gedagtes. “Ek moes geweet het jy gaan jou jeug probeer herleef. Kyk asseblief net in die pad. Moenie vergeet nie, ons kan hier op Aarde lelik seerkry.“

“Jy sal nie dat ek iets oorkom nie, $O^2$.” terg Oskar. “Daar is niks soos die brul van ‘n petrol enjin nie. Dis in my bloed. Jy sal nie verstaan nie. Jou kunsmatige intellek vermoëns is indrukwekkend, maar sekere ervarings het ‘n lyf van vlees en bloed nodig. ” Hy glimlag. Dit bly maar ‘n teer punt vir $O^2$. “Hou net jou elektronika aan, ek is nie lus vir ‘n lokale polisieman se moeilikheid nie.”

$O^2$ is onheilspellend stil. Die spietkop spring met swaaiende arms die pad binne.

“Bliksem $O^2$, nee man! Jy is aspris.” Hy trap die rem te skerp. Die GTI staan omtrent op sy neus. Selfs met sy gevorderde reflekse is dit net-net of hy ry oor die konstabel. Sy staar geskok na hom, kom tot verhaal, storm al bewende nader en hamer aan die venster met die boekie. Die Modimolle naam plaatjie wip op en af op haar groot borste.

Terwyl hy die venster laat sak, hou hy sy twee gloeiende vingers omhoog en kyk haar stip in die oë. Die stilte strek vir ‘n paar sekondes. Sy kyk hom gevries aan.

Dan spoeg sy uit: “What’s Up Buck? Biedie Biedie. Enjoy you day, Mr R2D2. Everything seems to be in order. To infinity and beyond!”

Oskar sit sy voet neer en spin haar toe onder die rook. Hy lag dat die trane loop.

$O^2$ gooi ‘n vloer-moer terwyl sy klein word in die tru spieël. “R2D2? Buck Rodgers? Regtig, hoe oud is jy? Sy gaan vanaand nog deurmekaar wees.” Hy bly ‘n ruk in die agtergrond. “Maar ek is bly om te sien jy is wakker. Onthou, die Reisiger is gevaarlik. Hy is by die troue vir ‘n rede. Ek vermoed ‘n lokval. Ons moet hom stop.”

Oskar knik, die sending is belangrik. Hy gaan hom nie weer laat wegkom nie.

***

By die wildsplaas se kamer gooi hy die tas op die bed en steek sy brein voelers saam met $O^2$ uit, maar hulle tel niks op nie. Die Reisiger sal nie so amateur fout maak nie.

Hy loop in die skemer na die eetsaal waar die trou naweek se eerste aktiwiteit afspeel. “’n Skaak kompetisie? By ‘n troue?” Selfs $O^2$ klink verbaas. “Fantasties, ‘n klomp bleeksiele.”

Terwyl hy skaak speel probeer Oskar homself beteuel, maar hy was lanklaas in dié wêreld. Met $O^2$ se hulp vermorsel hy die gaste en vorder vinnig tot by die laaste hoofspel. “Jy trek onnodig aandag,” giggel $O^2$ hulpeloos, asof hy nie help nie. Lekker windgat, die Pinotage tas hom ook aan.

“Sien jy kans vir my?” hoor hy agter hom. Hy draai om en verstar. Dis sy verlede, sy toekoms. Die bruid lyk op ‘n druppel soos Lara. “Hou op staar, ek trou die naweek,” spot sy en sit by die skaakbord. Sy begin met ‘n aggressiewe Londen-opening, hy speel meganies, maar gebruik nie vir $O^2$ nie. Hoekom moet sy nou gebeur? Hy gee bes na ‘n halfuur, knik vir haar en staan op om te gaan.

Sy keer hom. “Hoekom het jy terug gehou? Ek het jou dopgehou, jy is beter as dit.“ Hy kyk stil na haar en neem haar groen oë met klein bruin vlekkies in, haar wip neus, haar amper te groot mond. Tog ‘n paar subtiele verskille met Lara, net as jy haar baie goed ken. Sy neem onwillekeurig ‘n treë terug, maar sak nie haar vraende oë nie.

“Baie geluk, jy is ‘n uitstekende speler.” Sy neem sy uitgestrekte hand. Hy voel die vuur onbeheers vanaf sy twee vingers teen sy arm opklim en in sy brein ontplof. Haar oë rek van verbasing, en hy los haar hand vinnig, draai om en loop weg. Sy bly oorbluf staan en staar hom agterna.

“Wat...wat de hel was dit?” vryf $O^2$ dit in, “dit was amper orgasmies.” Hy sal moet kop hou. Hy kan nie weer afleidings bekostig nie. Maar hy gaan haar nie weer deur sy vingers laat glip nie.

En die Reisiger is hier iewers, hy voel dit aan.

***

Almal gaan vroeg vir ‘n bos wandeling. Oskar bly in die groep, en alhoewel sy onderlangs na hom loer hou hy sy afstand en smelt weg in die geselskap. Na ‘n uur rus hulle natgesweet by die watergat.

Hy sien hoe sy eenkant op ‘n rots gaan sit. Hy twyfel weer, maar hou hom eenkant en vermy haar verloofde se vuil kyke. Wat sien sy in die swaap?

“Iets voel verkeerd?” waarsku $O^2$. Sa arm hare begin dans. Hy voel dit ook.

Die grys mamba styg geruisloos reg agter haar met ‘n oop swart mond. “Pasop!” gil een van die gaste. $O^2$ versnel sy reflekse en Oskar beweeg onmenslik vinnig. Die groot klip suis rakelings verby haar kop. Die swart slang krewel onder die klip rond en word stil.

Sy staar geskok na hom. Na die slang. Almal gaap hom stom aan. “Kom ons waai, hier gaan te veel vrae wees,” Stel $O^2$ voor. Dit was verseker nie slim nie. Wat moes hy anders doen? Agter hom bars die veld stilte. Almal praat gelyk.

***

Hy gaan laat na die aand se dans. Dit sou beter wees om weg te bly. More is die troue, die laaste dag. Baie om te doen. Almal kyk onderlangs na hom maar niemand pla hom nie.

Hy bly by die vuur staan, staar in die kole en die herinnerings storm in hom op. “Vat dit rustig.” paai $O^2$ tevergeefs. Toe die regte lied begin speel, gaan skuil $O^2$ diep in Oskar se agterkop. Hy kan voel dine gaan hand uit ruk.

Oskar loop doelgerig na haar. Hy sien die paniek in haar oë. Haar verloofde gluur hom aan, maar sy twee gloeiende vingers haal die knapie uit die prentjie. Hy hou sy hand uit. Hy hoop dit gaan werk. Na lang sekondes staan sy op, vat sy hand en volg hom na die dansbaan.

“Ek weet hierdie is jou... dis ons liedjie, Lara.” Hy en sy smelt saam en sweef stil oor die dansbaan.

Die lied eindig,  hy skeur hy hom weg, los haar en strompel kamer toe.  “Ek is jammer $O^2$, ek kon myself nie stop nie.”  Die trane loop vrylik oor sy gesig.

“Ek weet Oskar. Ek het probeer keer, maar jy was te sterk. Dink jy werklik dit is Lara?”

***

Oskar gooi na ‘n lang nag sy klere in die tas. $O^2$ is ook ontstig.  Hy gryp sy sleutels en loop uit.  Sy wag op die stoep.  “Wie is jy?  Wat is Jy?” snik sy. “Wat het met ons gebeur by die skaak, jou hand se hitte, die slang, die dans....”.  Sy draai weg. “Ek kan nie ophou om aan jou te dink nie.  Dis is ‘n obsessie. Dis my flippen trou naweek! Wat gebeur met my...met ons...” Hy sit sy hand op haar skouer.  Sy trek nie weg nie.

“Ek is jammer.” Sy stem klink rou.  “Ons ken mekaar... in die toekoms... in die verlede...  dis kompleks.”  Sy staar hom aan.  Hy haal diep asem.  “Ons is deur tyd geskei... hulle het ons gestraf... maar die liefde is sterker as dit. Ek het nie gedink ek sal jou hier kry nie.  Ek soek al so lank.”  Hy trek haar saggies nader en sy leun teen hom.

$O^2$ probeer wal gooi.  “Sy sal nie verstaan nie, Oskar”.

Hy sien te laat die skadu se beweging uit die hoek van sy oog.  Die weerligstraal skiet uit die Reisiger se vuis.  Oskar pluk haar uit die pad.  Die skok tref hom skrams teen die kop. Hy struikel.  Hy probeer omdraai maar val hard neer. Haar gil weergalm deur hom voor alles swart word.

“Word wakker, Oskar!” $O^2$ bons rond in sy brein.  “Ek is heeltemal roereier, ons het miskien nog een lading.  Laat dit tel. Fok hom goed op.”

Oskar forseer sy een oog oop en sien hoe die Reisiger haar wurg.  “Ek het geweet hy sal jou nie kan weerstaan nie.  Maar ek moes die slang stuur om seker te wees dis hy.  Idioot. Hy sal enigiets doen vir jou.” Hy stamp haar hard teen die muur.  “Ek gaan julle albei permanent laat wegraak. Soos ons oorspronklik moes.  Genoeg is genoeg.”

Oskar trek sy laaste krag uit $O^2$ en werp sy energie teen die Reisiger se agterkop.  Die Reisiger verkrummel op die vloer, sy bene skop een of twee keer en word stil.  Oskar voel hoe alles wegdryf van hom af.

***

Die leë kol in sy kop is merkbaar.   “Is jy daar $O^2$...praat met my”.  Niks.  Net ‘n donker gat.

Oskar voel die beweging van die kar.  Hy dwing sy oë oop.  Die bruid is agter die stuurwiel.  Sy vat dringend aan hom.  “Ek wag al my hele lewe vir iets... vir iemand... ek is seker gek, maar ek weet dit was vir jou.”

Haar stem is kalm.

“Almal het altyd gedink ek is van lotjie getik. Die sielkundiges weet mos kamtig alles.”  Sy sidder en kyk direk na hom. “Jy het my Lara genoem? Jy het baie om te verduidelik.”

Hy bring sy brein golwe met moeite onder beheer.  Dit was amper bokveld toe.  Nou is dit tyd op kop te hou.  Hy krap bietjie rond en kry $O^2$ se geheime stoorplek en aktiveer die vorige weergawe.

“Nee, jy is nie verkeerd nie.  Ek soek al deur vele tyd sones na jou.” Sy knip haar kop asof dit sin maak.  “Jy het my laat belowe ek sal aanhou soek. En ek het. Dis ‘n lang storie, maar ons het tyd. Baie tyd.”

Sy stop langs die pad en hulle omhels versigtig –  dan met groeiende aanvaarding, onthou en passie.

Soos gewoonlik is $O^2$ se tydsberekening volmaak.

“Wat het ek gemis? Hoekom is ek ‘n ou weergawe? Hemel, is dit jy, Lara?”.